



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**NOVEMBER 2015**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP****Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute waar eenwoord-antwoorde vereis word, word by Huistaal gepeenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING word slegs die rede/motivering/aanhaling bepunt.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepeenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

**VRAAG 1: ARTIKEL EN VISUELE TEKS**

<b>Vraag</b>	<b>Antwoord</b> <i>(Sien BETEKENIS na, nie woorde nie! Die EERSTE feit staan voor die voegwoord EN ...)</i>	<b>Punt</b>
1.1.1	JVL/jongvolwasseneliteratuur ✓  <i>Die antwoord kan ook in 'n sin aangebied word mits <b>JVL/jongvolwasseneliteratuur</b> in die antwoord aangebied word.</i>	(1)
1.1.2	Die mense wêreldwyd is baie <b>opgewonde</b> daaroor/oor JVL./ Die mense <b>praat</b> daaroor/ <b>bespreek</b> dit oral. ✓  <i>Enige soortgelyke antwoord wat fokus op <b>gons</b> is aanvaarbaar.</i>	(1)
1.2	Irritasie/ontsteltenis/moedeloosheid/frustrasie/omgekraptheid/ongeduld/ontevredenheid/ongelukligheid/teleurstelling ✓	(1)
1.3	Dit is dagdrome oor dinge/mense/'n ander werklikheid./ruimte./milieu./laat die leser ontsnap na 'n ander wêreld toe. ✓✓  <i>Die kandidaat bied enige TWEE van die moontlikhede vir EEN punt elk aan.</i>	(2)
1.4	Dit toon dat daar <b>baie ander liefhebbers</b> van dié tipe literatuur is./ Dit wys ook dat <b>volwasse lesers</b> , soos sy, dié tipe boeke koop./ Dit maak haar uitspraak <b>dat die lees van JVL toeneem</b> geloofwaardig./ Dit regverdig haar verslawing. ✓✓  <i>Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan vir EEN punt elk.</i>	(2)
1.5	Simone is 'n kinder-en-jeugboek-uitgewer wat haar 'n gesaghebbende maak. ✓ Sy gebruik tasbare voorbeelde (van tienerreekse) wat haar stelling geloofwaardig maak. ✓	(2)

1.6	Jong lesers moet aanklank by dié fiksie/fiktiewe literatuur vind./JVL moet enige kategorie soos byvoorbeeld magiese realisme, fantasie en realisme aanspreek./Die intrige moet 'n aktuele tema aanspreek./Die boek is nie gekoppel aan 'n bepaalde lengte/skryfstyl nie. √√√  <i>Die kandidaat bied VIER vereistes aan vir EEN punt elk.</i>	(4)
1.7	Duidelike grense tussen genres ontbreek./Dit is problematies dat daar nie 'n vasgestelde/eenvormige omskrywing/verduideliking/definisie vir JVL is nie. √ Hy tref 'n duidelike onderskeid tussen tienerliteratuur en JVL se teikenmarkte./verskillende kategorieë (op grond van ouderdom).√√	(3)
1.8	Boeke wat nie JVL is nie, is dikwels moeilik om te lees./het 'n verhewe skryfstyl./Stres laat 'n mens na boeke gryp./Volwasse lewe veroorsaak stres./Volwassenes sal JVL ook geniet. √	(1)
1.9	Die jeug/jongmense het die afgelope paar jaar baie meer op die voorgrond begin tree vanweë die tegnologiese ontploffing./Die jongmense word groot in 'n era waar dit belangrik is om gehoor en gesien te word./Deesdae is die jeug meer openlik oor verbode onderwerpe soos seks en dwelms./Universele temas (liefde, hartseer, woede, pyn, buitstanderskap ens.) is aktueel vir jongmense (omdat hulle daagliks daarmee worstel)./Kwessies soos apartheid of kommunisme is al tot vervelens toe in romans gebruik./Lesers het 'n behoefte aan vernuwende leesstof. √  <i>Enige EEN/ander aanvaarbare motivering. Die antwoord fokus op <b>jongmense</b> en nie op 'n oplossing/gids nie.</i>	(1)
1.10	Ja. JVL verskaf dikwels oplossings vir problematiese kwessies./help die leser om onbekende lewensterreine te verken./JVL skep scenario's wat lesers leer hoe om netelige emosies te hanteer./ideologieë te bevraagteken./na te dink oor dit wat boeke die moeite werd maak./Dit bied 'n boodskap van hoop. √√  <b>OF</b>  Nee. Dit bly steeds fiksie/hoewel daar raakpunte met die jongmens se wroeging is, is dit nie sy/haar realiteit nie./bied onrealistiese fiksie riglyne vir die lewe. √√  <i>Kandidate moet TWEE afsonderlike soortgelyke redes uit paragraaf 10 aanvoer.</i>	(2)
1.11	<i>Liefde:</i> Elke jongmens <b>worstel</b> met die idee van liefde en verlief raak, dus is dié tema aktueel. <i>Om te behoort:</i> Dit is wesenlik deel van elke menslike wese en eensaamheid as gevolg hiervan word deur baie jongmense <b>ervaar</b> . <i>Anders wees/nie inpas nie:</i> Baie mense <b>wroeg</b> omdat hulle nie so mooi/sterk/slim/sportief/gewild soos ander is nie en baie sukkel om hul individualiteit te behou, te midde van konformiteit en daarom sal so 'n tema beslis aktueel wees. <i>Die hantering van emosie (liefde, pyn, hartseer, woede):</i> Daar is baie mense wat <b>sukkel</b> om uiting aan hul emosies te gee of wat dink dis verkeerd om te huil of hartseer te wees; dus sal 'n boek wat op emosies en die hantering daarvan fokus, by baie lesers aanklank vind. √√√  <i>Enige DRIE soortgelyke antwoorde wat binne konteks krities gemotiveer/sinvol is. Dit kan ook positief aangebied word.</i>	(3)

1.12	Afrikaanse literatuur is eng/behoudend./JVL word geassosieer met omstrede of taboe-onderwerpe./'n Skrywer móét omstrede of oor taboe-onderwerpe skryf om in die genre van JVL raakgesien te word.√√  <i>Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan vir EEN punt elk.</i>	(2)
1.13	Dit ondersteun die idee dat die meisie weggevoer is./meegesleur word in 'n droomwêreld van boeke./Dit bied aan die leser die geleentheid om die gebruik van die “ander plek” te interpreteer./Sy hou nie op dagdroom nie. √	(1)
1.14	Rekenaars: dit kan lei tot kuberkrakery./pornografie./misbruik van sosiale media./internetverslawing./ Musiek: verslawing/sekere lirieke kan jou geestelik/emosioneel afbreek./ Drank: lei tot drankmisbruik./-verslawing./ Selfoon: kan verslawing/boeliery/pornografie/selfbehepthheid/musiekverslawing tot gevolg hê. √√√  <i>Die kandidaat bied DRIE sake én telkens 'n motivering (wat duidelik fokus op die gevolg van die oordrywing) vir EEN punt aan.</i>	(3)
1.15	Dit lyk of sy daarvan hou om te lees./gelukkig is./dit geniet, wat my oortuig dat JVL haar lief gemaak het vir lees. √	(1)
<b>TOTAAL AFDELING A:</b>		<b>30</b>

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2****Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
  
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
  
- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
  
- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die maksimum getal woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum getal woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.
  - Kortere opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepeenaliseer word nie.

**GOEIE GEWOONTES VIR LEEFSTYLSUKSES**

<b>AANHALING UIT TEKS</b>		<b>MOONTLIKE BEWOORDING</b>	
1	<i>Daarom moet jy jou weeklikse <b>kosaankope</b> behoorlik <b>beplan</b>.</i>	A	Beplan jou aankope vir die week se etes.
2	<i>Stel <b>onthoulysies</b> op van <b>daaglikse aktiwiteite</b> wat jou aandag verdien.</i>	B	Gebruik onthoulysies om jou dag te koördineer.
3	<i>... doen <b>gereeld oefeninge</b> ...</i>	C	Besluit op 'n vasgestelde oefenroetine.
4	<i>Kweek 'n <b>bepaalde roetine</b> waartydens jy elke dag op 'n vaste tyd hieraan aandag gee, aan.</i>	D	Maak 'n spesifieke tyd vir onvermydelike take soos die beantwoording van boodskappe.
5	<i><b>Ruk</b> dus na kuiertjies <b>jou nessie onmiddellik reg</b> deur op te ruim.</i>	E	Sorg dat jou blyplek na kuiertjies netjies is.
6	<i>... Raak <b>dáárom</b> ontslae van die items ... deur <b>minstens twee keer per jaar 'n regpak-, liasseer-en-weggooisessie te hou</b> ...</i>	F	Beplan twee keer per jaar 'n uitgooi-en-regpak-sessie.
7	<i>Kry 'n <b>spesifieke bêreplek</b> in die woonstel/kamer vir al daardie dingetjies wat onnodig rondlê.</i>	G	Maak seker jy het bêreplekke vir gereelde gebruiksartikels.
<b>Getal woorde: 57</b>			

**OF**

'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

Jou lewe sal makliker wees as jy die aankope vir jou etes vooraf koördineer. Dit sal ook help as jy afsprake met onthoulysies byhou. Besluit op 'n vasgestelde oefenroetine. Ruim tyd in vir onvermydelike take soos die beantwoording van boodskappe. Maak jou blyplek na kuiertjies netjies en oorweeg twee keer per jaar 'n uitgooi-en-regpak-sessie. Dis nuttig om bêreplekke vir alledaagse gebruiksartikels te hê.

**Getal woorde: 63****TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES****Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	help ✓	(1)
3.2	glorieryke ✓	(1)
3.3	realiteit/werklikheid ✓	(1)
3.4	Die kopieskrywer noem verskillende kompetisies wat FNB finansiële ondersteun./ FNB borg verskillende sportgeleenthede./Beroemde Botsings/Universiteitstroeë/Sokker Eerste./kompetisies. ✓  Kandidate wat verwys slegs na die datum/2010 kan nie 'n punt verdien nie.	(1)
3.5	Sommige van hulle het dit selfs <u>in die jaar wat verby is</u> tot in hul provinsiale spanne gemaak./ Sommige van hulle het dit selfs <u>toe hulle jonk was</u> tot in hulle provinsiale spanne gemaak./ Sommige van hulle het dit selfs <u>daar waar hulle op die platteland bly</u> tot in hul provinsiale spanne gemaak./ Sommige van hulle het dit selfs <u>sonder dat hulle ondersteuning ontvang het</u> tot in hul provinsiale spanne gemaak./ Sommige van hulle het dit selfs <u>omdat hulle goed is</u> tot in hul provinsiale spanne gemaak./ Sommige van hulle het dit selfs tot in hulle provinsiale spanne gemaak <u>omdat hulle goed is.</u> ✓	(1)
3.6	Vokaalreduksie/Klankverswakking ✓	(1)
3.7	Dit dui daarop dat FNB spesifiek vir jou, die individuele leser, iets wil doen./Dit manipuleer/oorreed die individuele leser om op die advertensie te reageer./Dit verpersoonlik die advertensie./betrek die leser. ✓  <i>(Indien die kandidaat antwoord dat die klemtekens die woord uitlig/beklemtoon, kan dit nie as korrek aanvaar word nie.)</i>	(1)
3.8	indaba ✓	(1)
3.9	Die bank het my <u>finansiële</u> bygestaan. ✓ <i>(Spelling is belangrik.)</i>	(1)
3.10	Jong atlete/jong sportlui/universiteitstudeerders/jongmense (wat sportdrome koester.)/ Jongmense/kinders (wat finansiële ondersteuning benodig om te kan presteer)/ jongmense wat toekomsdrome droom./akademies op universiteit wil presteer. ✓	(1)
		<b>[10]</b>

**VRAAG 4: VISUELE TEKS**

<b>Vraag</b>	<b>Antwoord</b>	<b>Punt</b>
4.1	Hulpwerkwoord van wyse/modaliteit ✓	(1)
4.2	Opstelskrywer/opstelskryfster/opstelskrywery/opstelskrifte/opstelbeskrywing ✓	(1)
4.3	'n Mens behoort nie (oor so iets) te lieg nie./Grootmense lieg maklik vir kinders./Sy weet dit staan nie in die Bybel nie./Sy ken haar Bybel./Kirpats (en ander) ken nie die Bybel nie./Sy is geskok dat grootmense lieg. ✓	(1)
4.4	Millennium ✓ <i>(Spelling is belangrik!)</i>	(1)
4.5	... is die meel/koring/kaas bitter. ✓	(1)
4.6	Dit dui daarop dat woorde weggelaat is./Dit staan in die plek van <u>as die muis dik is</u> ./Dit verhoed dat die gedeelte <u>as die muis dik is</u> telkens herhaal moet word. ✓	(1)
4.7	Sy/Die wit hen sê dat sy hoor dat haar/die donker hen se Traaifientjie met 'n simpel gansmanneltjie uitgaan./ Sy/Die wit hen sê sy hoor dat haar/die donker hen se Traaifientjie gaan met 'n simpel gansmanneltjie uit./ Sy/Die wit hen sê sy hoor haar vriendin/die donker hen se Traaifientjie gaan met 'n simpel gansmanneltjie uit./ Sy/Die wit hen sê aan die donker hen dat sy hoor dat haar/die donker hen se Traaifientjie met 'n simpel gansmanneltjie uitgaan./ Sy/Die wit hen het gesê dat sy hoor dat haar/die donker hen se Traaifientjie met 'n simpel gansmanneltjie uitgaan ✓	(1)
4.8	Dit sou dan 'n rustige/beskaafde/nie 'n wilde kêrel/man/knaap nie beteken het (in plaas van 'n tipe pluimvee.)/ Ma kou 'n toffie./kou haar kos met 'n toe mond. ✓	(1)
4.9	Mense wat roem behaal, word deur die media as sterre beskou./ Danksy haar loopbaansukses loop sy met sterre in haar oë rond./ Eybers en Van Wyk Louw is sterre van die Afrikaanse letterkunde./ Mag jou pad met sterre besaai wees!/ Die sterre blink vanaand baie helder. ✓  <i>Jou sterre (stert) gaan brand = X</i>	(1)
4.10	Die hen skep die indruk dat sy haar nie steur aan wat die sterre voorspel nie, maar eintlik is sy die een wat die meeste op die hoogte daarvan is. ✓  <i>Albei kante van die ironie moet vir EEN punt gegee word.</i>	(1)
		<b>[10]</b>



**VRAAG 5: ARTIKEL**

<b>Vraag</b>	<b>Antwoord</b>	<b>Punt</b>
5.1	<p>Moenie vir my vandag onverwags by Spar “sepies of twakkies” koop nie./  Moenie vir my vandag onverwags “sepies en twakkies” by Spar koop nie./  Moenie vandag vir my onverwags “sepies en twakkies” by Spar koop nie. ✓</p> <p><i>(Volgorde moet wees: tyd, wyse, plek)</i></p>	(1)
5.2	<p>Dit dui op ’n neerhalende houding./Dit kan daarop dui dat die items as minderwaardig beskou word. ✓</p>	(1)
5.3	<p>Die reën stort na benede./Die melk sal uit die beker stort./Sal jy jou bloed vir jou vaderland stort?/Stort al die geld in die bank./Ek stort tranes oor jou./Die vrou stort in duie toe sy die nuus kry./Hulle stort rommel op die terrein. ✓</p> <p><i>NB: Die gebruik van deeltjiewerkwoorde soos <u>neerstort</u> is nie aanvaarbaar nie. Die antwoord kan nie in die verlede tyd aangebied word nie.</i></p>	(1)
5.4	<p>Baie mense verkies om ’n verassing in plaas van ’n begrafnis by te woon./  ’n Verassing is minder persoonlik as ’n begrafnis. ✓</p>	(1)
5.5	<p>Laat ek jou vertel./Die werklikheid is .../Na my mening .../Dit is hoe ek dit ervaar het./Leer by/van my .../Glo my .../Neem kennis .../ Myns insiens .../Glo maar wat ek vir jou sê .../Vertrou my (maar) .../Kom ek sê/vertel jou ...✓</p>	(1)
5.6	<p>Ontvang ’n boek!/  Jy moet ’n boek ontvang!/  Jy sál ’n boek ontvang! ✓</p> <p><i>Die uitroepteken is essensieel.</i></p>	(1)
5.7	<p>Klein-Karoo Nasionale Kunstefees/Daar is nie ’n akroniem nie. ✓</p> <p><i>(Korrekte spelling is belangrik)</i></p>	(1)
5.8	<p>bestee/gewy/afgestaan ✓</p>	(1)
5.9	<p>Ek/Sy/Hy/Die skrywer vra: “Sal Moeks vir Vans ’n geskenk gaan koop?”/  “Moeks, sal Moeks (asseblief) vir Vans ’n geskenk gaan koop?” ✓</p>	(1)
5.10	<p>opmerklik ✓</p>	(1)
		<b>[10]</b>

**TOTAAL AFDELING C: 30**  
**GROOTTOTAAL: 70**